AfriForum
JEUG

# KERNSTANDPUNTE 2022



Hierdie dokument is gebaseer op AfriForum se kernstandpunte (saamgestel deur Ernst Roets en Mariska Nanni), en is deur René van der Vyver vir AfriForum Jeug saamgestel.

# Inhoudsopgawe


**Inleiding** 1

- AfriForum Jeug se visie 1
- AfriForum Jeug se missie 1
- Standpunte 1

**Algemene standpunte** 2

- Aanlyn klas 2
- Afrikaans as onderrigtaal 2
- Boomplantmaand 3
- Dubbele standaarde 3
- Emigrasie 3
- Gelykheid 4
- Gratis tersiêre onderrig 4
- Haatspraak 4
- Herverdeling/restitusie 5
- Jeugdag 5
- Plaaslike regering en munisipale dienste 5
- Plaasmoorde 6
- Politieke korrektheid 6
- Protesaksies op kampusse 6
- Rasseklassifikasie 7
- Rassisme 7
- Regstellende aksie, kwotas en rasse-uitsluiting 8
- Studentelewe 8
- Swart ekonomiese bemagtiging 9
- Transformasie 9
- Wit monopolie 9

**Erfenis en geskiedenis** 10

- Afrikanergeskiedenis 10
- Apartheid 10
  - Was apartheid 'n misdaad teen die mensdom? 10
- Geografiese en straatname 11
- Monumente en standbeelde 11

**Strategie** 12

- Aktivisme 12
- Hofsake 12

**Veiligheid** ........ **13**
Gemeenskapsveiligheid ........ 13
Grondgrype ........ 13
**Ideologiese raamwerk** ........ **14**
Demokrasie ........ 14
Fascisme ........ 14
Kapitalisme ........ 15
Konserwatiewe ideëraamwerk ........ 15
Liberalisme ........ 16
Liberale konserwatisme/konserwatiewe liberalisme ........ 17
Linkse politieke oriëntering ........ 17
Nasionalisme ........ 18
Regse politieke oriëntering ........ 19
Sosialisme en kommunisme ........ 19
Selfstandigheid en onafhanklikheid van die staat ........ 20
Wit bevoorregting ........ 20

# Inleiding

AfriForum Jeug is deel van AfriForum, wat met 300 000 lede die grootste burgerregteorganisasie in die Suidelike Halfrond is.

AfriForum se visie is:

> Dat Afrikaners – wat geen ander tuiste ken nie – sinvol en as Afrikaners in vreedsame naasbestaan met ander gemeenskappe volhoubaar aan die suidpunt van Afrika kan voortbestaan.

AfriForum Jeug is ’n geloofwaardige jeugorganisasie wat sig vir die belange van jong Afrikaners beywer, en gee jong Afrikaners dus geleentheid om eienaarskap van hul eie toekoms te neem. Dit behels om op unieke maniere te help veg en bou sodat jong Afrikaners ’n vry, veilige en voorspoedige toekoms in hul vaderland kan hê en trots kan wees op hul erfenis en identiteit.

AfriForum Jeug is gegrond op Christelike beginsels en beywer sig vir onder meer die verkryging van kulturele vryheid en die uitbou van die Christelike demokratiese ideesraamwerk. By AfriForum Jeug glo ons in pres. Paul Kruger se sentiment dat ons uit die verlede moet neem wat goed is en die toekoms daarop moet bou.

## AfriForum Jeug se visie

> Om ’n bymekaarkomplek te wees vir jong Afrikaners op kampusse en in gemeenskappe waar AfriForum-strukture gevestig is en as spreekbuis op te tree in gevalle waar daar teen jongmense gediskrimineer, hulle van hul moedertaalonderrig ontneem en hul grondwetlike regte geskend word; om te streef vir die uitbou van Afrikaans en Afrikanertradisies, en opleiding aan jongmense te bied om hulself te bemagtig om standpunt te kan inneem oor kwessies wat hul toekoms beïnvloed.

## AfriForum Jeug se missie

> Om selfstandigheid onder jong Afrikaners te bevorder en die werklikhede in Suid-Afrika te beïnvloed deur veldtogte te voer en aktief vir jongmense se burgerregte standpunt in te neem.

## Standpunte

AfriForum Jeug se amptelike standpunte oor kwessies wat jong Afrikaners raak, word in hierdie dokument uiteengesit.

# Algemene standpunte

## Aanlyn klas

AfriForum Jeug is gekant teen verpligte aanlyn klas sonder sterk gronde. AfriForum Jeug is nie in beginsel teen aanlyn klasse gekant nie, maar wel as dit sonder ’n regverdige grondslag verplig word.

Universiteite het gedurende die Covid-19 pandemie kontakonderrig met aanlyn onderrig vervang en gaan in sommige gevalle steeds daarmee voort. Kontakonderrig hou nie meer ’n risiko vir studente in nie, terwyl aanlyn klasse wel die risiko inhou dat studente van gehalteonderrig en ander kampusgebaseerde aktiwiteite ontneem word. Studente betaal vir kontak- en gehalteonderrig, en kan nie ’n afgewaterde weergawe van hul kurrikulum ontvang wat vir kontakonderrig ontwikkel en geakkrediteer is nie. Daar is tersiêre instellings wat daarin spesialiseer om afstandsonderrig te bied en studente wat hierdie onderrigmodel verkies, kan aan hierdie instellings studeer. Studente wat egter betaal vir kontakonderrig en die studentelewe wat met kampusgebaseerde aktiwiteite gepaardgaan, mag nie deur ’n lomp beleid gedwing word om aanlyn klasse as die “nuwe normaal” te aanvaar nie.

Universiteite moet baie duidelik in inligtings- en ander dokumente stipuleer watter onderrigmodel hulle volg, sodat studente ’n ingeligte besluit in dié opsig kan maak. Dosente of fakulteite mag dus nie self kan besluit watter onderrigmodel hulle wil volg nie. Universiteite moet ook deursigtig wees oor die kostes wat met kontakonderrig teenoor aanlyn onderrig gepaardgaan, sodat studente nie ten duurste betaal vir gehaltekontakonderrig en dan afgewaterde aanlyn onderrig ontvang nie.

## Afrikaans as onderrigtaal

In ooreenstemming met internasionale taalregte is AfriForum Jeug se standpunt dat mense oor die algemeen toegang tot onderrig in hul moedertaal moet hê. Moedertaalonderrig bied die beste moontlike leergeleenthede en dra by tot die persoonlike ontwikkeling van mense. Waar moedertaalonderrig aangebied word, bereik gemeenskappe oor die algemeen gewoonlik ’n hoër vlak van geletterdheid, is hulle meer verdraagsaam teenoor ander gemeenskappe, is werkloosheid laer en die ekonomie dus sterker.

Dit is in enige land se belang om moedertaalonderrig geredelik aan alle burgers beskikbaar te stel. Die ontsegging van die reg op moedertaalonderrig kan as ’n skending van mense se menswaardigheid beskou word. AfriForum Jeug is daarom sterk teen die #AfrikaansMustFall-beweging by universiteite gekant. Dit geskied onder die dekmantel van inklusiwiteit, maar dit is juis eksklusief as Engels as enigste tersiêre onderrigtaal afgedwing word. Afrikaanse studente word hierdeur van hul kampusse vervreem, terwyl hulle eintlik ’n beduidende bydrae op akademiese, sport-, kultuur- en finansiële gebied lewer.

## Boomplantmaand

Boomplantweek, wat in die vroeë lente gevier word, bied ’n geleentheid vir die bewusmaking van die belang en noodsaak van bome in ons omgewing. Dié inisiatief vorm deel van ’n groter doelwit om ’n gesonde en volhoubare omgewing vir die nageslag te verseker. Hoewel Suid-Afrika Boomplantweek amptelik in die week vier wat op 1 September volg, wy AfriForum-takke en duisende vrywilligers die hele Septembermaand daaraan om bome en bedreigde plantspesies te plant en ongewenste uitheemse en indringerspesies uit te roei.

## Dubbele standaarde

AfriForum Jeug is toenemend bekommerd oor die ooglopende dubbele standaarde wat toegepas word in die (regs-)vervolging van persone wat onder meer van rassisme beskuldig word of wat geweld of haat teen ander groepe of lede daarvan aanhits. AfriForum Jeug glo in konsekwentheid en gelykheid. Dit het reeds duidelik geword dat, wanneer ’n wit persoon iets wederregtelik teenoor ’n swart persoon doen of sê, die straf wat deur die hof opgelê word swaarder is as wanneer ’n swart persoon iets wederregtelik teenoor ’n wit persoon doen of sê.

Navorsing dui daarop dat wit rassisme deurlopend aggressief veroordeel word, terwyl swart rassisme dikwels geïgnoreer of in sekere gevalle selfs verdedig word. Om een vorm van rassisme te beveg en terselfdertyd ’n ander vorm van rassisme te aanvaar, te verdedig of selfs te bevorder, is in sigself ook ’n vorm van rassisme. Dié dubbele standaarde word onder meer in die howe, werksplek en politieke omgewing en op sosiale media toegepas. Dit is AfriForum Jeug se standpunt dat elke saak op meriete beoordeel moet word.

## Emigrasie

Emigrasie is ’n individuele oplossing vir ’n kollektiewe probleem. Daarom moedig AfriForum Jeug dit nie aan nie en sal ons eerder verkies dat mense hier moet bly en werk om ’n beter toekoms te skep. AfriForum Jeug respekteer egter die persoonlike keuse van mense om te emigreer. Ons beskou dan emigrante as ons nie-amptelike ambassadeurs in die buiteland, wat steeds ’n belangrike rol kan vertolk om die doelstellings wat AfriForum wil bevorder vanuit die buiteland te ondersteun. Suid-Afrikaanse emigrante kan kontak hou met AfriForum deur middel van die digitale nuusbrief *Wêreldwyd Kollig* en die Engelse weergawe *Worldwide Spotlight* asook die finansiële ondersteuningskanaal *Vriende van AfriForum* en die Engelse weergawe daarvan *Friends of AfriForum*.

Dit bly egter AfriForum Jeug se standpunt dat Afrikaners as taal- en kultuurgemeenskap slegs in Suider-Afrika sal kan voortbestaan, en AfriForum Jeug werk daarom doelgerig om omstandighede plaaslik te verander sodat jong Afrikaners nie die land sal wil verlaat nie.

## Gelykheid

AfriForum Jeug ondersteun die beginsel van gelykheid, maar glo dat dit noukeuriger gedefinieer moet word pleks daarvan om bloot na *gelykheid* te verwys, aangesien daar verskillende – en dikwels teenstrydige – definisies van gelykheid bestaan. Sosialisme is byvoorbeeld ’n poging om **gelyke uitkomste** te bewerkstellig deur af te neem by dié wat het en dit te gee aan dié wat nie het nie, sodat almal gelyk sal wees. AfriForum Jeug beskou hierdie definisie van gelykheid as teenproduktief, veral omdat dit dié bestraf wat werk, en dié beloon wat nie werk nie.

In breë trekke ondersteun AfriForum Jeug eerder die beginsel van **gelyke geleenthede**. AfriForum Jeug besef egter dat selfs die doelwit van gelyke geleenthede nie altyd haalbaar is nie, omdat ’n mens se geleenthede in die lewe dikwels van jou lewensomstandighede afhang, wat dikwels die gevolg is van die manier waarop jy grootgemaak is. Die ANC verwys gereeld na die drieledige krisis van ongelykheid, armoede en werkloosheid. AfriForum Jeug glo dat hierdie drie konsepte van mekaar onderskei moet word en dat die fokus primêr daarop gerig moet wees om werkloosheid op te los, wat armoede by implikasie sal verminder.

AfriForum Jeug neem ook kennis van navorsing wat al met betrekking tot gelykheid gedoen is en bevind het dat die mensdom steeds nie weet hoe om mense gelyk te maak nie en dat pogings om dit te bereik (deur sowel linkse as regse regerings) misluk het. Daarom sê AfriForum Jeug dat die “regstelling” van ongelykheid nie die regering se primêre doel moet wees nie, maar dat daar eerder ’n doelgerigte poging moet wees om armoede te bestry deur onderwys en opleiding in die land ingrypend te verbeter.

## Gratis tersiêre onderrig

AfriForum Jeug is van mening dat dit onrealisties is om gratis hoëgehalte- tersiêre onderrig in Suid-Afrika te bied. Gratis tersiêre onderrig in Suid-Afrika is nie ’n haalbare doelwit nie en tot dusver was daar onder die huidige ANC-regering min suksesvolle pogings om studente finansieel te ondersteun. Studenteleningsinstellings soos NYDA en NSFAS is twee inisiatiewe wat elkeen weens wanbesteding onder ernstige kritiek deurloop. Die oplossing lê nie in gratis onderrig nie, maar wel in gehalteonderrig – wat reeds in die grondslagfase of selfs vroeër begin.

## Haatspraak

AfriForum Jeug glo dat daar ’n onderskeid getref moet word tussen aanstootlike kommentaar, haatspraak en die aanhitsing van geweld. Aanstootlike kommentaar behoort beskerm te word onder die vaandel van vryheid van uitdrukking. Haatspraak word in die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000 en aan die hand van artikel 16(2) van die Grondwet gedefinieer. Haatspraak is nie noodwendig ’n misdaad nie en is ’n saak wat verkieslik as ’n siviele aangeleentheid hanteer behoort te word.

Dit beteken dat iemand ’n boete opgelê kan word, maar nie opgesluit of strafregtelik vervolg word nie, tensy die haatspraak ook aanhitsing van geweld is – dan is dit ’n misdaad. Aanhitsing van geweld is ’n misdaad en behoort tot strafregtelike vervolging te lei.

In leketaal kan ons sê dat haatspraak plaasvind wanneer iets gekommunikeer word waarin ’n groep mense op grond van hul identiteit (byvoorbeeld etnisiteit of geloof) geteiken word en mense dan aangemoedig word om hierdie groep bloot op grond van hul identiteit leed aan te doen.

## Herverdeling/restitusie

AfriForum Jeug glo dat daar ’n onderskeid getref moet word tussen herverdeling (Engels: *redistribution*) en restitusie (Engels: *restitution*). Dié twee terme word vandag dikwels deur kommentators en politici gebruik asof dit dieselfde betekenis het. Die oogmerk van herverdeling is dat sekere bates van een groep afgeneem word sodat dit aan ’n ander groep oorgedra kan word. AfriForum Jeug is in beginsel gekant teen herverdeling. Daarteenoor kom restitusie daarop neer dat een of ander fout of vergryp uit die verlede reggestel moet word. Die regstelling van sulke foute of vergrype kan in beginsel ondersteun word, mits dit gedoen word op ’n wyse wat prosedureel billik is en mits dit op ’n gebalanseerde perspektief op die geskiedenis geskoei word.

## Jeugdag

AfriForum Jeug vier nie Jeugdag soos talle ander jong Suid-Afrikaners nie. Talle diskriminerende beleidsriglyne is daargestel om jong Afrikaners hul geleenthede te ontneem en tweederangse burgers in hul eie land te maak. Daarom is AfriForum Jeug van mening dat dié dag eers werklik gevier kan word wanneer diskriminerende beleidsrigtings soos regstellende aksie en rasgedrewe kwotas afgestel word. Jeugdag word hedendaags weens politieke redes gevier, omdat dit die Soweto-opstande van 1976 herdenk. Dit is dus nie ’n neutrale dag wat bloot ten doel het om die jeug te vier nie; dit is eerder ’n herdenking van ’n bepaalde vertolking van die geskiedenis.

## Plaaslike regering en munisipale dienste

Plaaslikeregeringsinstellings soos munisipaliteite versuim toenemend om hul grondwetlike plig teenoor gemeenskappe binne hul onderskeie munisipale gebiede na te kom. Dit sluit onder meer munisipaliteite se onvermoë in om basiese dienste te lewer. Ander onvermoë sluit in om bestaande infrastruktuur in stand te hou en wyd voorkomende korrupsie en misdaad op plaaslike vlak uit te roei. Om dié probleme die hoof te bied, is AfriForum Jeug met verskeie selfdoeninisiatiewe gemoeid wat binne die raamwerk van die wet van stapel gestuur word om onafhanklikheid van die staat se dienslewering te bevorder, sosialisering

aan te moedig en langtermynoplossings te vind. AfriForum Jeug help graag deur onder meer slaggate te herstel en dorpe op te ruim.

## Plaasmoorde

AfriForum Jeug glo dat plaasmoorde 'n unieke verskynsel is en as 'n prioriteitsmisdaad geklassifiseer en hanteer moet word. Daar is vier redes hiervoor:

1. die frekwensie waarteen plaasaanvalle gepleeg word
2. die wreedheid daarvan
3. die rol wat boere in die samelewing speel
4. die unieke omstandighede waarin boere leef

Hoewel plaasmoorde buitengewoon wreed is en wel in sommige gevalle rasgedrewe is, voldoen dit nie aan die internasionaal erkende definisies van *volksmoord* nie. Dit is egter belangrik om kennis te neem van die verklaring deur die organisasie Genocide Watch dat plaasmoorde wel sekere eienskappe van volksmoord toon.

## Politieke korrektheid

AfriForum Jeug laat nie toe dat politieke korrektheid of die heersende orde se ideologieë aan ons dikteer wat ons standpunte moet wees nie, maar dra eerder sorg dat ons standpunte hoë morele standaarde verteenwoordig, geregtigheid bevorder en getuig van selfrespek en vertroue daarin om standpunt in te neem vir dit wat vir ons belangrik is, asook om daarna te streef om wedersydse erkenning en respek tussen die land se onderskeie gemeenskappe te bevorder.

## Protesaksies op kampusse

AfriForum Jeug ondersteun nie gewelddadige protesaksies op universiteitskampusse nie en staan dit uit beginsel teen. Hierdie soort aktivisme gaan dikwels met brandstigting, saakbeskadiging en grootskaalse ontwrigting van akademiese verrigtinge gepaard. Ons is van mening dat oproerige studente hulself skuldig maak aan wangedrag en dat hulle ander, onskuldige studente ontneem van hul reg om gehalteonderrig te ontvang en om nie in gevaar gestel te word nie. AfriForum Jeug glo dat universiteite streng teen skuldige partye moet optree en nie betalende studente se studiegelde mag gebruik om beskadigde infrastruktuur te herstel of toelae aan oproerige studente te betaal nie.

Daar moet egter deurgaans 'n duidelike onderskeid getref word tussen onwettige optrede en gesonde studenteaktivisme op universiteitskampusse. Gesonde aktivisme sluit onder meer petisies, debatvoering en vreedsame optogte in, waaraan AfriForum Jeug graag deelneem. Dit is egter belangrik dat deelnemers aan dié aksies nie die wet oortree of die reëls van die betrokke universiteit minag nie.

## Rasseklassifikasie

AfriForum Jeug veroordeel sowel rasseklassifikasie ten sterkste, as die rassediskriminasie wat daardeur moontlik gemaak word. Nasionale wetgewing vereis dat daar tydens die werwingsproses aan elke kandidaat 'n telling gegee moet word wat op ras gebaseer is. Suid-Afrika het boonop 'n streng rasseklassifikasiestelsel sonder dat wetgewing ras klassifiseer. Dit beklemtoon die morele bankrotskap van die regering se absurde rasideologie. Ons glo dat jongmense se leierskaps- en ander vaardighede, asook kennis ontwikkel moet word en dat die kleur van hul vel nie geleenthede hiervoor moet beperk nie. AfriForum Jeug word gedryf deur roepinggedrewe mense en moedig jongmense aan om roepinggedrewe te leef. AfriForum Jeug beveg rasseklassifikasie wat voornemende studente en werknemers op grond van hul velkleur van 'n kans ontneem om roepinggedrewe te studeer of werk.

## Rassisme

AfriForum Jeug is gekant teen alle vorme van rassisme en glo dat daar konsekwent daarteen standpunt ingeneem moet word. Dit is ook waarom AfriForum Jeug sterk standpunt inneem teen dubbele standaarde. AfriForum Jeug glo egter nie dat rassisme as 'n misdaad gereken moet word nie, onder meer omdat die regerende party dan verhef word tot die dubbele rol van sowel rolspeler in die debat as skeidsregter. Die beste wyse om sosiale probleme aan te pak, is deur middel van sosiale oplossings eerder as deur staatsingryping en die kriminalisering van immorele gedrag.



## Regstellende aksie, kwotas en rasse-uitsluiting

AfriForum Jeug besef dat daar geen kitsoplossing bestaan vir die krisis van armoede en werkloosheid in Suid-Afrika nie, maar glo terselfdertyd dat die belangrikste komponent van die oplossing daarin lê om die onderwysstelsel reg te ruk. Die ANC-regering se ingesteldheid is egter dat die probleem opgelos kan word deur alle vlakke van die samelewing verteenwoordigend te maak van die nasionale demografie (met ander woorde ongeveer 80% swart en slegs ongeveer 8% wit). Dit word gedoen deur 'n kwotastelsel op sakeondernemings, organisasies, sportspanne en universiteite af te dwing.

AfriForum Jeug verskil fundamenteel van hierdie benadering. Die kern van die verskil is dat die regering se voorgestelde oplossing (kwotas) 'n uitsetgebaseerde benadering is, aangesien dit bloot die statistieke oorweeg en dit dan as maatstaf gebruik om vas te stel of mense bemagtig is. AfriForum Jeug staan 'n insetgebaseerde benadering voor, waar die klem op opleiding en ontwikkeling is.

## Studentelewe

AfriForum Jeug is ten gunste van 'n studentelewe wat prettige en gesonde tradisies behels, maar veroordeel die wanpraktyke wat sommige studente daarby insleep. Hoewel ons glo dat tradisies in die meeste gevalle tot voordeel van studente is, staan ons walglike praktyke soos aanranding en vernedering tydens oriënteringsprogramme teen.

Die oriënteringsprogram by universiteite vorm deel van 'n gesonde studentelewe. Dit is die eerste kontak wat studente met hul universiteit, koshuise en ander eerstejaarstudente het. Die oriënteringsprogram bied aan eerstejaarstudente die geleentheid om met hul koshuise en die kampus vertroud te raak. Koshuistradisies vorm ook deel van 'n gesonde en lekker studentelewe, en AfriForum Jeug moedig die behoud en uitbou daarvan aan. Dié tradisies kweek identiteitsbesef, eenheid en trots in koshuise en daarom hoort politieke inmenging nie by koshuise nie.

Rassekwotas wat selfs in koshuise afgedwing word, veroorsaak dat koshuistradisies op die meeste kampusse toenemend verflou en selfs afgeskaf word. Die Solidariteit Beweging (waarvan AfriForum deel is) heg soveel waarde aan studente se opleiding en gepaardgaande studentelewe dat tersiêre onderriginstansies soos Sol-Tech, Akademia en Bo-Karoo Opleiding op die been gebring is. By hierdie privaat instellings neem jong Afrikaners eienaarskap van hul eie studentelewe, ingesluit koshuistradisies. Studente wat aan universiteite studeer waar 'n gesonde studentelewe nie meer aangemoedig word nie kan by hulle AfriForum Jeug-tak betrokke raak, wat 'n lekker bymekaarkomplek vir jongmense is.

## Swart ekonomiese bemagtiging

AfriForum Jeug ondersteun in beginsel die ontwikkeling en die bemagtiging van arm mense. Die konsep van swart ekonomiese bemagtiging (SEB) is egter nie net ondoeltreffend nie, maar ook erg diskriminerend. Dit bereik ook die teenoorgestelde as wat dit verklaar om te bereik, naamlik dat dit swart mense juis nié bemagtig nie, omdat hierdie beleid hulle meer afhanklik van die staat maak. Bemagtiging kan slegs geskied by wyse van hoëgehalteopleiding en 'n ekonomiese beleid wat aan mense die vryheid bied om entrepreneurs te wees sonder om deur staatsinmenging gekortwiek te word.

## Transformasie

AfriForum Jeug is gekant teen transformasie soos wat dit deur die regering gedefinieer en toegepas word. Ons is van mening dat transformasie bloot 'n kodewoord vir die regering geword het vir die verryking van die elite en die rassistiese benadeling van minderheidsgemeenskappe soos Afrikaners en Afrikaanssprekendes. AfriForum Jeug is voorts van mening dat aanhangers van transformasie die konsep van verskeidenheid wil vernietig en 'n elitegroep ten koste van die arm massas wil bevoordeel. Opheffing mag nie nuwe vorme van benadeling skep of die vernietiging van verskeidenheid tot gevolg hê nie.

## Wit monopolie

Die term *witmonopoliekapitaal* is deur die beeldpoetsfirma Bell Pottinger uitgedink, met die doel om die aandag van die ANC-regering se mislukkings af te trek. Wit mense het nie 'n monopolie op kapitaal nie, en dié wat dit beweer, se argumente moet aan die kaak gestel word omdat hulle 'n gediskrediteerde, bedrieglike argument probeer voer.

# Erfenis en geskiedenis

## Afrikanergeskiedenis

AfriForum Jeug eer ons Afrikanergeskiedenis en -erfenis en is ten gunste van die bewaring en bekendmaking daarvan op objektiewe wyse.

## Apartheid

AfriForum Jeug se standpunt is dat apartheid nie verdedig moet word nie, maar wel verduidelik behoort te word. Dit is ’n feit dat onverdedigbare praktyke tydens apartheid plaasgevind het, wat insluit dat mense se waardigheid geskend is. Apartheid behoort gekritiseer te word, ook weens die feit dat dit ’n staatsgedrewe projek van sosiale ingryping (Engels: *social engineering*) was. Enige beoordeling van apartheid moet egter histories akkuraat wees. Daarom is AfriForum Jeug veral bekommerd daaroor dat apartheid ’n wapen geword het wat gebruik word om diskriminasie, sosiale vervolging (Engels: *persecution*) en selfs geweld en moord teen minderhede te regverdig. Vanweë die omstredenheid van apartheid – en die feit dat geen rasionele persoon as ’n verdediger van apartheid beskou wil word nie – het ’n situasie ontstaan waar bykans enige boosheid aan apartheid toegedig word, ongeag dit waar is. Daar word byvoorbeeld dikwels verklaar dat apartheid op volksmoord neergekom het of ’n beleid van slawerny is, of dat wit mense tydens apartheid op groot skaal grond “gesteel” het. Elkeen van hierdie bewerings is onwaar. AfriForum Jeug se standpunt is dat apartheid krities beoordeel moet word en dat bedrieglike stellings oor apartheid uitgewys moet word, net soos wat die foute daarvan uitgewys word.

### *Was apartheid ’n misdaad teen die mensdom?*

AfriForum Jeug ontken nie die feit dat apartheid in 1973 deur die Verenigde Nasies as ’n misdaad teen die mensdom verklaar is nie. Die besluit om apartheid as ’n misdaad teen die mensdom te verklaar, is egter geneem op die hoogtepunt van die Koue Oorlog: ’n Aantal kommunistiese lande met van die swakste menseregterekords in die wêreld het saamgespan om hierdie besluit deur te druk in ’n poging om die Weste te diskrediteer en die posisie van die Sowjetunie te versterk.

Die Weste het grootliks teen die verklaring van apartheid as misdaad teen die mensdom gestem en het destyds daarop gewys dat die internasionale reg rakende ’n misdaad teen die mensdom wat in 1973 gegeld het, geskoei was op die Neurenberg-regulasies wat die Nazi’s se optrede as ’n misdaad teen die mensdom verklaar het. Die Weste het apartheid veroordeel, maar tereg geweier om dit gelyk te stel aan die optrede van die Nazi’s.

AfriForum Jeug maak ook daarteen beswaar dat die definisie van ’n misdaad teen die mensdom nie konsekwent toegepas word nie. Die gruweldade onder kommunisme (wat

nooit as 'n misdaad teen die mensdom verklaar is nie en waarteenoor daar vandag nog steeds groot verdraagsaamheid bestaan) was egter eksponensieel erger as dié van apartheid. Dit beteken nie dat daar oor die foute van apartheid geswyg moet word nie, maar wel dat daar konsekwentheid moet wees in die toepassing van die definisie van 'n misdaad teen die mensdom.

## Geografiese en straatname

Waar name verander word, moet deeglike openbare raadpleging plaasvind in ooreenstemming met die wetgewing in hierdie verband. Daar moet begrip getoon word vir name met 'n besonderse kultuurhistoriese betekenis vir gemeenskappe. Die kwessie van naamsverandering moet met wedersydse erkenning, respek en omsigtigheid hanteer word. Die summiere uitwissing van die kultuurhistoriese spore van 'n gemeenskap uit die geografiese naamgewing van 'n gebied kan aanleiding gee tot marginalisering en die vervreemding van so 'n gemeenskap.

## Monumente en standbeelde

AfriForum Jeug is ten gunste van die behoud van monumente en standbeelde. Gemeenskappe kan hul vryheid gebruik om die betekenis daarvan te interpreteer. Ons is nie ten gunste van die skending, verwydering of vernietiging van enige standbeelde en monumente nie, omdat dit teen die gees van wedersydse erkenning en respek indruis. Die landskap kan aangevul word met meer monumente en standbeelde om die geskiedenis van alle rolspelers in Suid-Afrika na behore te herdenk. Dit kan egter geskied sonder dat enigiets verwyder hoef te word. Besluitnemers oor hierdie stoflike erfenis moet ook onthou dat hulle slegs bewaarders van die erfenis in diens van komende generasies is, en dus nie hul interpretasie van die geskiedenis op die nageslag mag afdwing nie. Dit moet elke geslag vrystaan om self oor die betekenis van standbeelde en monumente te besluit en die dialoog met die geskiedenis voort te sit sonder om komende generasies daarby uit te sluit. AfriForum Jeug neem met trots eienaarskap van ons erfenis en help om erfenisterreine in stand te hou.

# Strategie

## Aktivisme

AfriForum Jeug plaas 'n sterk fokus op aktivisme om sy veldtogte te dryf en sy standpunte te bevorder, want ons wil "veg en bou!" Aktivisme is belangrik om gemeenskappe te bemagtig om hul stemme te laat hoor en hul belange te beskerm. Dit is egter belangrik dat AfriForum Jeug se aktivistiese optrede tot die organisasie se geloofwaardigheid moet bydra. Dit mag nooit afbreuk doen aan AfriForum Jeug se reputasie as 'n organisasie wat met volhoubare oplossings vorendag kom eerder as 'n organisasie wat bloot net kla nie. Dit is waarom AfriForum Jeug eerder die fokus op intellektuele aktivisme plaas in teenstelling met goedkoop propaganda.

## Hofsake

Regsaksies in die geregshowe is 'n belangrike instrument wat AfriForum Jeug gebruik om seker te maak dat die regering nie doodeenvoudig AfriForum Jeug se besware en standpunte kan ignoreer nie. In terme van die ANC se ewewig van kragte- (Engels: *balance of forces*) benadering kan hulle nie deeglik gefundeerde regsaksies eenvoudig ignoreer nie. Dit skep vir AfriForum Jeug bedingingsmag. Ons plaas egter nie al ons hoop op regsaksies nie, maar beskou regsaksies as een van verskeie belangrike hefbome tot die organisasie se beskikking om die regering tot orde te kan roep en druk toe te pas.

# Veiligheid

## Gemeenskapsveiligheid

Gemeenskapsveiligheid behels die beplanning en inwerkingstelling van voorkomende en reaktiewe maatreëls vir ’n bepaalde gemeenskap in ’n spesifieke gebied met sy eie unieke uitdagings om dié gemeenskap se weerbaarheid en vermoë om hulself te beskerm volhoubaar te vestig. AfriForum Jeug heg groot waarde daaraan om ’n veilige toekoms te bou en skakel daarom ook as patrolleerders by AfriForum se buurt- en plaaswagte in.

## Grondgrype

Grondgrype en die misdaad van betreding wat daarmee saamgaan, is ernstige misdrywe. Indien die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en ander liggame wat gemoeid is met die taak om misdaad te bekamp en te vervolg egter toegelaat word om selektief te vervolg en te ondersoek, word die boodskap uitgestuur dat sulke misdrywe geduld word. Al hoe meer burgers van die land sal dan ’n loopbaan in dié organisasies nastreef, en die gemeenskap as geheel ly daaronder. Indien die SAPD gemoniteer en oor die vingers getik word wanneer hulle hul plig versuim, word hulle daarvan bewus dat daar gevolge vir hul laksheid is. Daar sal boonop opnuut direktiewe deur hooggeplaastes uitgevaardig word om SAPD-lede te verplig om die gemeenskap te dien deur misdaadbestryding met erns te benader. Deur grondgrype te bestry, word die bogenoemde bereik: Die publiek sien dat reg wel nog geskied, dit ontmoedig misdaad en skep hoop.

# Ideologiese raamwerk

## Demokrasie

Daar bestaan nie ’n definisie van demokrasie wat algemeen deur politieke wetenskaplikes aanvaar word nie. Die gebrek aan ooreenstemming oor ’n definisie dra daartoe by dat dit vandag selfs vir diktators relatief maklik is om aan te voer dat hulle eintlik demokrate is. Daarom is dit vir AfriForum Jeug nodig om tussen twee botsende opvattings van demokrasie te onderskei, naamlik sentralistiese demokrasie en gedesentraliseerde demokrasie.

’n **Sentralistiese demokrasie** kan vergelyk word met meerderheidsoorheersing, waar die party wat die meeste steun in ’n verkiesing kry die mag in homself vestig en dan aan minderhede voorskryf wat hulle mag en nie mag doen nie. In ’n **gedesentraliseerde demokrasie** wentel die mag af na onder deur groter seggenskap te bied aan gemeenskappe en hul veelheid van instellings. In die sentralistiese demokrasie gaan dit gewoon oor die kwantitatiewe meerderheid van getalle, terwyl die deelnemende demokrasie kwalitatief via deelnemende instellings binne die verskillende gemeenskappe inspraak het in sake wat direk op hulle betrekking het. AfriForum Jeug se standpunt oor demokrasie is eerstens dat dit nie bloot oor ’n regering deur die meerderheid gaan nie, maar dat die oppergesag van die reg beskerm moet word. Tweedens is ’n belangrike verskil tussen demokrasie en meerderheidsoorheersing juis daarin gesetel dat minderhede se regte in ’n demokrasie beskerm moet word. Daarom voer AfriForum Jeug aan dat die toets vir demokrasie gesetel is in die vraag of minderhede se regte beskerm word.

## Fascisme

Fascisme is ’n politieke ideologie waarvolgens alle mag in ’n sentrale regering gesentraliseer word om nasionalistiese doelwitte te bereik. Dit is ’n radikale verskyningsvorm van ’n krag-in-eenheid-ideologie, waarvolgens individuele identiteit vernietig moet word, sodat individue geheel en al in die groter groep opgeneem kan word. Fascisme is streng antiliberaal (weens die vernietiging van individuele identiteit) en antikonserwatief (weens die vernietiging van gemeenskapsidentiteit). Die verstikkende eenheid wat fascistiese ordes op die samelewing afdwing, behels ook dat geweld teen gemeenskappe uitgeoefen word in ’n poging om totale eenvormigheid op almal af te dwing. ’n Goeie voorbeeld hiervan is die Duitse gemeenskap van Suid-Tirool wat onder die fascistiese Italiaanse regering van Mussolini gedwing is om te ver-Italiaans, byvoorbeeld deur Duitse onderwys tot ’n onwettige bedrywigheid te verklaar en Duitssprekendes selfs te verplig om hul vanne te verander om meer Italiaans te wees. In hierdie sin kan daar aangevoer word dat daar elemente van fascisme in die ANC-regering se optrede is, aangesien daar ooreenkomste bestaan tussen die ANC se aggressiewe pogings om diversiteit ten gunste van staatsgebonde eenheid te onderdruk aan die een kant en die optrede van fascistiese regerings aan die ander kant.

AfriForum Jeug beskou fascisme as 'n irrasionele, onnatuurlike en verwerplike ideologie, aangesien ons glo dat sowel individuele as gemeenskapsidentiteit beskerm moet word. AfriForum Jeug skroom nie om fascisme te verwerp nie.

AfriForum Jeug is egter bekommerd dat die term *fascisme* in sekere kringe as 'n gonswoord gebruik word om enige konserwatiewe denke te diskrediteer. Fascisme en konserwatisme is twee onversoenbare ideologieë, hoofsaaklik vanweë die feit dat 'n fascistiese bestel alle mag in die staat wil sentraliseer en alle identiteite buite die staatsgebonde identiteit wil smoor, terwyl konserwatisme juis die identiteit, tradisies en kultuur van 'n verskeidenheid gemeenskappe wil beskerm.

## Kapitalisme

AfriForum Jeug erken en gee toe dat daar ook ongerymdhede in die privaat sektor plaasvind, wat korrupsie en bedrog insluit. AfriForum Jeug koop egter nie in op die kritiek teen kapitalisme as 'n onderdrukkende stelsel ingevolge waarvan mense per definisie uitgebuit word nie. Dit is belangrik om kennis te neem van die nuanseverskille tussen die terme *kapitalisme* en *vrye mark*. Streng kapitalistiese stelsels is geneig om gemeenskappe, tradisies en kulture op te hef deur die mense daarvan los te maak, terwyl die vryemarkbeginsels daarenteen nie noodwendig in spanning staan met gemeenskappe, tradisies en kulture nie; inteendeel, dit versterk juis gemeenskappe.

AfriForum Jeug is huiwerig om sigself as pro-kapitalisties te beskryf, juis vanweë die negatiewe assosiasie met die term, hoewel baie van daardie assosiasies in baie opsigte op ongegronde veralgemenings neerkom. AfriForum Jeug is egter onbeskaamd ten gunste van die vryemarkstelsel en huiwer nie om sig as pro-vryemark uit te spreek nie.

## Konserwatiewe ideëraamwerk

As politieke ideologie word die konserwatiewe ideëraamwerk gedefinieer deur die behoefte om dinge te behou. Dit word veral gekenmerk deur 'n weerstandigheid teen verandering (hoewel 'n sekere stroom binne die konserwatiewe ideëraamwerk nie teen verandering per se gekant is nie, maar spesifiek teen rewolusionêre en gewelddadige verandering). In die praktyk kom die konserwatiewe ideëraamwerk veral daarop neer dat die identiteit, kultuur en tradisies van gemeenskappe bewaar moet word.

Konserwatisme word veral van liberalisme onderskei in die sin dat konserwatiewe denkers geneig is om die klem op gemeenskapsidentiteit te plaas, terwyl liberale denkers geneig is om die klem op die identiteit van individue te plaas. Konserwatisme verskil ook veral van liberalisme in die siening oor grense (hetsy nasionale, morele of enige ander vorm van grense). Konserwatiewe denkers is geneig om groter waarde aan grense te heg as iets wat in stand gehou moet word om die gemeenskap teen gevare van buite te beskerm.

Daarteenoor is liberale denkers geneig om grense te wil afbreek om die ongehinderde vloei van kapitaal en idees binne die globale – veral ekonomiese – orde moontlik te maak.

AfriForum Jeug vereenselwig sig nie met alle aspekte van konserwatisme nie, maar heg wel pertinente waarde aan die identiteit van gemeenskappe en spesifiek ook aan sy Afrikaneridentiteit. AfriForum Jeug glo ook dat gemeenskappe se kulture en tradisies beskerm moet word. In daardie sin is AfriForum Jeug konserwatief. AfriForum Jeug wyk egter af van konserwatisme in die sin dat AfriForum Jeug nie – soos veral in die reaksionêre konserwatisme – die status quo wil beskerm nie en ook nie na die verlede wil terugkeer nie. In die mate waarin AfriForum Jeug by die konserwatiewe gedagtegoed aansluit, is sy konserwatiewe ideëraamwerk eerder toekomsgerig. Verlede en toekoms staan nie hier in spanning met mekaar nie; inteendeel, hulle vul mekaar onderling aan.

## Liberalisme

Die term *liberaal* beteken in wese *vry.* Die ideologie van liberalisme gaan dus hoofsaaklik daaroor dat mense se individuele vryheid beskerm moet word. Daar is egter verskillende verskyningsvorme van liberalisme, wat verwarring oor die betekenis van die term kan skep. Om liberaal te wees in Europa is byvoorbeeld nie dieselfde as om liberaal te wees in die VSA nie.

AfriForum Jeug vereenselwig sig in sekere opsigte met die klassieke definisie van liberalisme (soos meer algemeen aanvaar in Europa), waar die fokus sterk daarop geplaas word dat die individu teen die staat beskerm moet word. Klassieke liberalisme gaan grootliks daaroor dat die staat se mag beperk moet word om individue te beskerm. Waardes wat hiermee geassosieer word (en wat AfriForum Jeug ook ondersteun), is dat eiendomsreg en die vrye mark beskerm moet word, dat belastings laag gehou moet word en dat regulering of mikrobestuur deur die staat tot die minimum beperk moet word.

Daarteenoor is die meer moderne siening van liberalisme (waarna dikwels ook verwys word as ’n sosiaal-demokratiese lewensuitkyk) ’n vermenging van liberalisme en sosialisme. Sosiaal-demokrate glo dat die staat ’n sentrale rol moet speel om van die samelewing ’n beter plek te maak. Dit word byvoorbeeld gedoen deur swaar belastings op rykes te plaas, sodat die welvaart deur middel van sosiale toelaes herverdeel kan word, of dat die staat met daardie geld kan doen wat hy ag nodig is om gelykheid te bewerkstellig. AfriForum Jeug ondersteun nie hierdie siening van liberalisme nie, aangesien dit onvolhoubaar is en teen die basiese voorwaardes vir ekonomiese groei indruis.

Tegelykertyd aanvaar AfriForum Jeug dat sowel die klassieke liberalisme as die hedendaagse liberalisme deur ’n eensydige visie op die mens gekenmerk word. Volgens dié ideologieë is die mens slegs ’n enkeling. AfriForum Jeug aanvaar daarenteen dat individue nie van hul gemeenskappe losgemaak kan word nie. Gemeenskappe en individue is wedersyds van mekaar afhanklik. Gemeenskappe het sterk individue nodig om nie geslote gemeenskappe te word nie, terwyl sterk individue op hul beurt deur gesonde gemeenskappe moontlik gemaak word.

## Liberale konserwatisme/konserwatiewe liberalisme

*Liberale konserwatisme* en *konserwatiewe liberalisme* is twee terme wat dikwels gebruik word om nuanseverskille tussen liberaal en konserwatief te verduidelik, veral om persone of organisasies te beskryf wat nie ten volle deur enige van die twee terme beskryf kan word nie. Die ANC het al hierdie terme gebruik om AfriForum te beskryf. Liberale konserwatisme is 'n konserwatiewe lewensuitkyk wat elemente van liberalisme bevat, terwyl konserwatiewe liberalisme 'n liberale lewensuitkyk is wat elemente van konserwatisme bevat. Liberale konserwatisme kombineer konserwatiewe sosiale waardes met 'n meer liberale ekonomiese uitkyk, soos die beskerming van burgerregte en 'n gemengde markekonomie.

Konserwatiewe liberalisme kombineer liberale sosiale waardes met 'n meer konserwatiewe ekonomiese uitkyk, soos die noodsaak van 'n geprivatiseerde vryemarkekonomie. Dit word ook soms as neokonserwatisme beskryf.

Hoewel baie van AfriForum Jeug se lede konserwatiewe sosiale waardes het, is dit AfriForum Jeug se standpunt dat dit nie die rol van die staat is om hierdie waardes deur middel van wetgewing af te dwing nie. AfriForum Jeug vereenselwig sig dus met elemente van albei genoemde denkrigtings, maar handhaaf tegelykertyd 'n voorbehoud ten opsigte van eensydighede wat in beide opgesluit mag lê.

## Linkse politieke oriëntering

Linkse politiek plaas die fokus op die bevordering van gelykheid en staan in stryd met die gedagte van hiërargie in die samelewing. 'n Linkse ideologiese verwysingsraamwerk is sterk daarop gemik om die samelewing gelyk te maak en is geneig om die staat vir hierdie doel in te span. Dit is waarom linkse politiek oor die algemeen met kommunisme en sosialisme geassosieer word. Die konsep van 'n linkse politieke oriëntering moet egter van liberalisme onderskei word in dié sin dat liberalisme die klem op individualisme plaas, terwyl 'n linkse ingesteldheid geneig is om mense se sosio-ekonomiese klas as hul primêre identiteit te sien. 'n Linkse ideologie is oor die algemeen meer radikaal as 'n liberale ideologie. Die spanning wat daar byvoorbeeld in Suid-Afrika tussen die ANC-alliansie en die media bestaan, is grootliks daarin gesetel dat die ANC linksgesind is, terwyl die ANC se kritici in die media (wat ook kritici van AfriForum is) liberaal is.




## Nasionalisme

Die term *nasionalisme* het 'n skelwoord geword wat veral gebruik word om mense of organisasies aan die regterkant van die politieke spektrum te kritiseer. Gestroop van die bagasie wat aan die woord verbind word, kom nasionalisme neer op 'n verwysingsraamwerk of stelsel waarmee die belange van die nasie bevorder moet word, veral met die doel om selfregering te bevorder.

Die term lei dikwels tot verwarring omdat verskillende definisies aan die woord *nasie* verbind kan word. Om die konsep te verstaan is dit belangrik om tussen staatsnasionalisme en kulturele nasionalisme te onderskei. By staatsnasionalisme word die belange van dié wat deel van die nasiestaat vorm (wat verskillende volke of kultuurgemeenskappe kan insluit) in die kollig geplaas, terwyl die fokus by kulturele nasionalisme gerig is op die bevordering van die belange van 'n bepaalde kultuurgemeenskap.

AfriForum Jeug staan skepties teenoor die sentralisering van mag in die staat en beywer sig daarvoor om mag te desentraliseer deur aan gemeenskappe groter seggenskap oor hul eie sake te gee.

Hoewel AfriForum Jeug se verwysingsraamwerk dus nader aan kulturele nasionalisme as aan staatsnasionalisme is, is die term *nasionalisme* oor die algemeen 'n term wat AfriForum Jeug vermy vanweë die negatiewe assosiasies wat daaraan verbind word.

## Regse politieke oriëntering

Regse politiek plaas ’n pertinente klem op sosiale orde en beskou die bestaan van hiërargieë in die samelewing as ’n natuurlike en onvermydelike gevolg van die aard van die mens. Daar bestaan verskillende verskyningsvorme van regse politiek. Die verskille het meestal te make met die rol van die staat. Daar is regse groepe wat glo dat die staat ingespan moet word om sosiale orde te handhaaf, teenoor ander regse groepe wat glo dat orde gehandhaaf word wanneer die rol van die staat verklein of geminimaliseer word. Regse politiek word ook dikwels met onderdrukking deur outoritêre of fascistiese regerings geassosieer.

Hoewel ’n sterk argument gevoer kan word dat nazisme ’n verskyningsvorming van linkse politiek is (weens die klem op sosialisme) word dit dikwels as ’n verskyningsvorm van regse politiek uitgebeeld en word daar dikwels gepoog om regse groepe te diskrediteer deur hulle met Nazi’s te vergelyk. AfriForum Jeug se verwysingsraamwerk is sentrumregs, aangesien die organisasie glo dat hiërargieë ’n natuurlike en onvermydelike gevolg van die aard van die mens is en dat sosiale orde belangrik is. AfriForum Jeug glo ook dat die staat nie ingespan moet word om die samelewing te struktureer om sy definisie van orde te bewerkstellig nie. Dit is ook op hierdie punt (sentralisering van mag in die staat) waarin ’n sterk komponent van AfriForum Jeug se kritiek op die apartheidsregering geleë is.

Hoewel AfriForum Jeug nader aan regs as aan links geposisioneer is, vermy ons die term *regs* grootliks vanweë sekere komponente van regse politiek waarmee AfriForum Jeug ongemaklik is, wat verkeerdelik aan AfriForum Jeug verbind sou kon word indien die organisasie sigself as regs beskryf.

## Sosialisme en kommunisme

Sosialisme is ’n politieke ideologie wat primêr gedryf word deur die strewe om die samelewing gelyk te maak. Kommunisme is die beginsel van gemeenskaplike eienaarskap van welvaart, of ’n stelsel van omvattende kollektivisering van alle welvaart. Onder ’n kommunistiese bedeling word alle mag in die staat gesetel, wat daardie mag dan (in teorie) moet aanwend ten behoewe van die mense.

Kommuniste en sosialiste voer graag aan dat kommunisme die utopiese bestemming is wat bereik moet word, terwyl sosialisme die strategie of padkaart is om dit te bereik. Dit behels in wese dat die samelewing primêr op grond van die sosio-ekonomiese status (of klasse) daarvan gedefinieer moet word en dat die welvaart van die boonste klasse onder die werkersklas herverdeel moet word. In die praktyk lei dit egter tot grootskaalse onderdrukking. Daar word beraam dat sosialistiese of kommunistiese bedelings al tot die dood van meer as 100 miljoen mense gelei het.

AfriForum Jeug is in wese gekant teen die beginsels van sosialisme en kommunisme en beskou dit as ’n onderdrukkende stelsel. AfriForum Jeug het ook al sy beswaar uitgespreek teen die feit dat kommunisme nie as ’n misdaad teen die mensdom verklaar word nie.

## Selfstandigheid en onafhanklikheid van die staat

AfriForum Jeug plaas pertinente klem op die beginsel van selfstandigheid en glo dat gemeenskappe hulself selfstandig en onafhanklik van die regering moet kan vestig. Dit is ook waarom AfriForum Jeug ’n pertinente fokus op die desentralisering van staatsmag plaas, ten einde die mag van die regering te beperk en gemeenskappe toe te rus om self besluite te kan neem oor kwessies wat hul eie gemeenskap direk raak, soos kultuur, onderwys en veiligheid. Die term *selfstandigheid* is ’n kernwoord in AfriForum Jeug se woordeskat en die bevordering van gemeenskapselfstandigheid is ’n kernaspek van AfriForum Jeug se stigtingsrede en strategie.







## Wit bevoorregting

AfriForum Jeug glo daarin dat mense bevoorreg kan wees weens ’n verskeidenheid van faktore. Dit is byvoorbeeld ’n voorreg om in ’n stabiele huis groot te word. Dit is ’n voorreg om deel van ’n gemeenskap te wees waar mense aktief by hul kinders se skole betrokke is en waar onderwysers en hoofde wat dros aanspreeklik gehou word. Dit is ’n voorreg om groot te word binne die verwysingsraamwerk wat leer dat jy jou eie toekoms moet skep en jou eie

probleme moet oplos, eerder as om voortdurend ander vir jou lot te blameer. Dit is ’n voorreg om in ’n omgewing groot te word waar entrepreneurskap aangemoedig word, in teenstelling met ’n gemeenskap wat glo dat die staat vir hulle moet sorg.

Al hierdie dinge kan tot ongelykheid in die arbeidsmag bydra, maar dit is nie tot een ras beperk nie. Kultuur en ideologiese uitgangspunte dra swaarder as ras as bepalende faktor in hierdie kwessie.